# ZASTRONNER

Uitleg en Ontwerp deur TSD Groep (info@tsd.co.za) ~ Oktober 2012 ~ Prys: R10.00


## 'n Hele Dosyn wat saamwerk

Hierdie nederige vullisdrom voor die munisipalekantore in Reichenbergstraat is die produk van samewerking uit die gemeenskap van Zastron, met hopelik nog baie meer deelnemers aan die projek in die toekoms.

Kyk net so:

1) Zastron Forum met Jimmy Gertenbach as voorsitter het die projek inisieër.
2) Tossie Smith as skakelpersoon tussen Zastron Forum en Mohokare Munisipaliteit het toestemming vir die projek verkry.
3) Thabo Panyani as munisipalebestuurder het toestemming vir die projek gegee.
4) Malcolm de Jager as gesondheidsinspekteur help met die korrekte plasing van vullisdromme op sypadjies.
5) Peter Fenske het die drom geskenk.
6) Danie Marais het die drom opgeknap en beton vir die installering geskenk.
7) Betsie Pieterse het die drom geverf.
8) Laetitia Swart het die munisipale-embleem en skrif gedruk.
9) Hennie Naudé het die pale, boute, ens. verskaf en die drom gemonteer.
10) Government Maywonga het die harde werk om die gate te grawe gedoen.
11) Jy wat die vullisdrom gaan gebruik waarvoor dit bedoel is.
12) Jy wat diegene wat nie van beter weet nie op 'n hoflike manier gaan opvoed om die drom reg te gebruik.

Dit is maar die eerste van 'n groot dromprojek van Zastron Forum.

Baie dankie aan almal. RE AHA MOTSE.




*Foto: Verskaf*


Maak gerus gebruik van u vriendelike koerier.

**NON STOP COURIER**

Zastron, Wepener, Bloemfontein, Reddersburg, Smithfield, Rouxville en Aliwal Noord.

(Koerier ook Zaston Nuusblad)

Kontak Martin Sel 076 853 9671

MH MARCO HEYMANS
FINANSIELE BEPLANNERS

Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)

NUUSFLITS / NEWS FLASH

Dit is weer tyd vir **MEDIESEFONDS HERNUWINGS**
Kontak ons asb. indien ons u plan moet nagaan en moontlik moet verander

*Spesialiseer In:*
- Boedelontleding en Boedelbeplanning
- Aftree beplanning
- Korttermyn Versekering
- Mediese fondse

- Gemagtigde Finansiële verskaffer Nr. 17579
- Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA.
- Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar.
- Sertifikaat van bevoegdheid in Korttermyn versekering.
- Assosiaat van die Finansiële Beplannings Instituut.

2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966
(051) 683 0234/180 | 0866 045 074 | 082 7800 697 | mheymans@zipplink.co.za

# Uit Ons Pen

Goeie dag, Zastronners

Sommige van ons sit met die laaste verkouetjie van die winter, maar ook met hoop wat in ons harte blom vir 'n pragtige somer. Maar, soos 'n bekende van die omgewing altyd gesê het: as jy dink die koue is verby, wag vir Oktober.....

Ek en van my geliefdste mense was in Europa met vakansie. Natuurlik was dit wonderlik om al die besienswaardighede se sien en ander kulture te beleef. As 'n mens enigsins kan reis uit jou gemaksone – hetsy bos toe of na 'n ander land - moet jy dit doen, want die perspektief wat jy het op jou onmiddelike omgewing verander met elke nuwe ondervinding. Hier is een van myne:

Europa het die wonderlikste infrastruktuur. Die Spaanse padnetwerk moet van die beste in die wêreld wees. 'n Mens ry uit 'n tonnel, oor 'n reuse brug, net om weer deur 'n langer tonnel te ry oor nog brûe op paaie wat voel soos wolke – geen gat in sig nie! Vir elke tolpad (wat baie duur is) is daar 'n alternatiewe pad wat net so goed is, maar dalk 'n ekstra draai of wat in het. Hierdie paaie strek oor die lengte en breedte van die land vir duisende en duisende kilometers. Op heuwels staan letterlik honderde windturbines. In stede ry moltreine gereeld, goedkoop en op tyd. 'n Mens kan egter nie vergeet dat hierdie tipe infrastruktuur geweldig duur is nie en dit is ook oral in Spanje te sien: behuisingskomplekse wat leegstaan omdat mense nie kan bekostig om te koop nie; duur kruideniersware; op TV een program op die ander oor hoe swaar dit gaan – veral in Griekeland – maar ook in die res van meditireense Europa. Daar is natuurlik, soos in elke land, mense met wie dit nog baie goed gaan, maar 'n gevoel van angs oor die toekoms is defnitief in die lug. Mense is onseker oor die toekoms van die Euro en dit is nie net 'n akademiese debat nie. Die algemene ou op straat praat ook daarvan en wonder wat gaan gebeur, want iets sal moet gebeur om al die skuld terug te betaal.

Nou dink ek daar is darem regtig nog baie dinge wat vir ons land reg loop. Ja, daar is gate in ons paaie; ons weet nie lekker van werk etiek nie; ons moet ongelukkig tot 'n groot mate voor ons eie huise en besighede skoonmaak; ons moet daagliks die walging van nog nuus oor korrupsie verwerk, maar, op 'n manier het ons regering – en die sokker wêreldbeker - gesorg dat ons die onlangse resessie beter deurstaan as die Europeërs. Ons moes genadiglik nooit besluit of ons deel wou wees van die Euro of nie. Dink net wat kan moontlik wees vir ons land (en ons dorp) as ons – en ons regering - net die basiese dinge kan leer reg doen: werk hard; neem verantwoordelikheid vir jou dade; moenie mors nie; leef wetsgehoorsaam; kies om die regte ding te doen en nie die maklike een nie; die lysie kan baie lank raak.....maar, dis nie moeilike goed nie en dit begin by elkeen van ons.

Nou ja, ek het myself weer betrokke gekry by die GAT fees, nadat ek hand en mond vir myself belowe het my beurt is verby. Met my terugkoms van vakansie was ek redelik negatief om die takie aan te pak en kon ek nie verstaan wat my besiel het om weer deel te word van die organisasie nie. Tot my groot skaamte het ek met min vreugde na die eerste vergadering – wat ek bywoon – gegaan. En daar tref dit my toe: dis eintlik vrek lekker om deel te wees van iets soos die GAT fees en ek het dit net so bietjie vergeet. Ja, dit is harde werk, ja, mens raak moeg om ander mense te smeek om hulp, ja, dit is redelik angswekkend om te dink mens kan so iets van die grond afkry, maar die saamwerk en die bereidwilligheid van die wat wel betrokke raak is heerlik. Selfs die vergadering was vir my lekker! Die samesyn en die planne maak en die positiwiteit is aansteeklik. So, komaan Zastron, raak betrokke, of sê ten minste net ja as iemand jou hulp vra, vir geen ander rede as dat dit LEKKER is nie. Moenie dink aan wie vind baat en o genade dis duur en ag ek is nie regtig tevrede met die kunstenaar nie en moet ek nou by die hek betaal ook nog as ek help by die stalletjie of deelneem aan 'n kompetisie en sjoe die mense kon darem dit of dat beter organiseer het nie. Dis eenvoudig: as jy dit wil beter maak, help! Bel vir Rolainne en bied jou hulp aan en raak deel van die plesierigheid.

Laastens, dankie aan almal wat planne maak vir die voortbestaan van die ZASTRONNER. Julle hulp en bystand word opreg waardeer.

Ons Piet Swanepoel grappie vir die maand: Het jy al ooit mooi gekyk na die katkos blikkies op die winkelrakke? Daar is steak, mince and gravy, roast chicken, deep sea delights en allerhande ander soorte geure, maar hoekom maak hulle nie muis geur nie?

Tot volgende keer, lekker lees!

Maria


## NEEM KENNIS

Zastronner behou die reg om berigte, artikels en briewe te verkort of terug te hou as dit nie vir publikasie geskik is nie. Alle probleme, asook wenke moet met die redaksie persoonlik bespreek word. Foto's moet van 'n gefrankeerde koevert voorsien wees om te verseker dat dit terugbesorg word. Die redaksie is nie verantwoordelik vir die betaling van foto-ontwikkeling nie. Die menings gepubliseer in Zastronner is nie noodwendig dié van die redakie nie. Neem betyds kennis van die sluitingsdatums.

## NOTICE

Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

# Groete aan Huis Vergesig

## *Nuus oor 'n stigterslid*

Ek het die afgelope naweek by Arend en Lintie Kouwenhoven gekuier en daar die nuutste Zastronner onder oë gehad.

Wat 'n aangename verrassing was dit nie vir my om te lees van die Ouetehuis wat vanjaar 30 jaar oud is nie. Ek sal jul graag wil inlig oor hoe dit met een van die stigterslede gaan, Annatjie van der Walt (tans Malan). Ek is haar oudste dogter, Elma Smit (was du Plessis – het in 1961 aan Hoërskool Zastron gematrikuleer), woonagtig in die Kaap. Sy lewe nog, is al 91 jaar oud en woon deesdae in die ouetehuis Vergenoegd in die Paarl. Sy is nog baie gesond, drink geen medikasie nie, lees sonder 'n bril, maar haar korttermyn geheue laat haar in die steek.

Sy het Zastron in 1994 verlaat en is toe met haar neef getroud en hulle het vir 21 jaar in Wellington gebly. Haar pa, mnr. Hannes Malan, vroeër prokureur op Zastron het vandaar gekom. Na haar man se dood so 8 jaar gelede, het sy na die Paarl verhuis waar haar ander dogter, Annette Nel, woonagtig is.

Sy het ons baie vertel met wat se smeek, sweet en trane hulle daardie tehuis opgerig gekry het. Sy het altyd gese sy bou vir haar 'n Monument op die dorp.

Toe sy die artikel lees in die Zastronner was daar trane in haar oë, om te lees dat dit goed gaan daar. Sy dra haar beste wense oor aan die bestuur en almal wat daar betrokke is dat als glad verloop.

Groete

*Elma Smit*

# We Salute You

Mr Mpho Lee was born and raised in Bothaville. He claims to have been the naughtiest boy in the neighbourhood. He attended boarding school and claims to have studied hard to get to where he is now.

As a paramedic he takes his work very seriously. He values peoples' lives. His patients know him as a kind, down-to-earth man who has a big heart.

He gave one of his patients all the support she needed when she had a sudden heart attack. She sees him as an unsung hero who needs to be acknowledged for the good job he is doing. He says he is available 24/7 365 days a year to save peoples' lives or just to make a difference.

Mr Lee always wanted to be a doctor but his mother advised him to take a paramedic course. He is happy to be involved in the medical profession and his dream of helping sick people in need has come true.

# *Bedankings*

Ansie, Joey, Christien en personeel van Huis Vergesig, ek wil net baie baie dankie sê vir julle puik versorging, diens en heerlike kos. Dit is vyfster gehalte.

*Mercia van Dyk*

---

Baie dankie aan almal wat aan my gedink het tydens my operasie. Waardering vir elke besoek, sms en telefoon oproep. Dankie ook aan my kliente vir julle begrip, ek glo begin Oktober is ek weer tot julle bekikking.

Nogmaals baie dankie.

*Freddie Muller*

## Groot dankie aan lede van SAPD Zastron

Hiermee wil ons, Jacques en Yolande Franzen, net vir speurder Charles Brown, konstabel Tshona en konstabel Kgang van SAPD Zastron opreg bedank vir hulle uitstaande diens en flinke optrede op Sondag 16 September 2012 met die ondersoek van kontant diefstal by die Oog Bakkery waarin ons die meeste van die kontant terug ontvang het en die skuldige in hegtenis geneem is. Dit word opreg waardeer.

Oog Bakkery Groete

*Jacques en Yolande Franzen*

# My Beste vriend

Die stelling is deesdae te betwyfel want ek wil my hond vermoor in die nag, maar so wil ek ook die eienaars van die rondloperhonde in Zastron iets aandoen.

My hond kan gelukkig vir my en ongelukkig vir hom nie uit die erf uitkom nie, daarom dink ek hy is nogal redelik vies vir my. Daarom hou hy my, en ook die hele straat wakker in die nag.

Indien jy 'n hond wil aanhou maak seker hy of sy word nie 'n frustrasie vir ander mense nie.

Daar is nie regulasies wat afgedwing kan word nie, so die verantwoordelikheid rus op ons as honde-eienaars.

Asseblief hou julle honde in jul erf sodat my hond my beste vriend kan bly of beter, moenie 'n hond aanhou as jou erf nie behoorlik omhein is nie.

Ons het nou Beeste, Skape, Varke en Honde wat die hele dorp vol loop.

# ABSA Besoek Pinnochio Kleuterskool en Lebohang Day Care Centre

Absa Zastron personeel het Pinocchio Kleuterskool besoek, en aan die kinders verduidelik waaroor "casual day" gaan op Vrydag 7 September. Absa het vir die leerders van Pinocchio 'n koeldrank en eetgoed gegee om dankie te sê.





Absa wil dankie sê vir al die donasies ontvang van die kleuters by Pinocchio wat dit moontlik gemaak het om die volgende in te samel:







Absa personeel gaan besoek Lebohang Day Care Centre in Matlakeng Zastron en oorhandig die items aan die gestremde kinders en oppassers.

*Fotos is verskaf*



An investment in knowledge
always pays the best interest.
- Benjamin Franklin

# August is woman's month

In celebration of women's month, Me Claudia van Niekerk, social worker at Matlakeng clinic, decided to empower women to celebrate life. She had different exhibits in the waiting area in the clinic. Me Anri de Kock helped her with the project.

The first exhibit was about using 'trash' and making something of it. She used old enamel crockery and cans like coca cola and planted flowers and 'vet-plante'. Field grass and thin branches can also be used and put into an African pot for decoration. If you're environment is clean, neat and beautiful, you feel energized, positive and happy – the key to a happy life.

The next exhibit was all about the garden, making the most of what is available. After a hard day's work or a fight with your husband/family/friends, sitting in a beautiful garden makes all your troubles seem to go away. You can make 101 things with branches; putting it into a pot or old bucket, making a fence or put it on the ground with plants and stones.

She also showed them how to make a cupboard with what you have, old nan tins, boxes, crates, wooden board ect. The massage is clear; you don't need money to make your house and garden beautiful, all you need is a little creativity and a lot of enthusiasm. Matlakeng clinic salute all the women of Zastron community and want to say;' We appreciate you.'

# Rugby manne doen hul naam gestand

Sommige van die rugby manne van Zastron hoërskool het hul naam en belofte gestand gedoen deur te kom help met die grawe van gate om inheemse bome te plant. Die Zastron forum werk baie hard om die omgewing te verbeter en as deel van die droomdorp projek word inheemse bome geplant. Hierdie bome is in 'n oop veld area in Parkweg geplant. Baie dankie julle ouens, julle is voorwaar staatmakers.



# ATKV maak kinderharte bly

In Augustus het die ATKV tak Zastron 'n hele paar kinderharte in Samuel Johnson Junior Sekondêre skool bly gemaak. Dit was nog deel van die droom projek. Die kinders moes hulle drome in Afrikaans neerskryf. Johan Moelich het gehelp om die fietse reg te stel en om die kinders touwys te maak. Baie dankie aan elkeen wat by hierdie projek betrokke was. Dit is voorwaar 'n voorreg om die kinderharte en gesiggies so opgewonde te sien!!!



# Gestremde vergadering 'n spesiale aand

Op Woensdag 12 September 2012 het die ATKV tak weer sy vere reggeskud en 'n algemene vergadering gehou. Elkeen het 'n gestremdheid "getrek" en vir 'n rukkie gevoel hoe dit is om dalk net een arm te kan gebruik of met moeite te loop. Die wat wou, kon hulle "loskoop" en die geld is aan Johan Moelich geskenk. Hy gaan die 94.7 fietswedren ry en dit spesiaal vir Reach for a Dream. 'n Totale bedrag van meer as R 800 is op hierdie aand vir hom ingesamel.



# TD campaign

## *13-17 August 2012*

Matlakeng clinic participated in the TD campaign during the month of August. Sir Mokoma, together with a few health workers, visited all the primary schools in Zastron. The age group, 6 and 12, were targeted to get immunized. Great cooperation was received from all the school and the parents. It was a very successful campaign.





Susan'S
Eiendomme Properties
'We will do our best for you!'

**Sandra Cusens**
**073 3277 633**

**Koop & verkoop van huise, besighede en plase. Verhurings**

Zastron Drukkery Gebou
Majozi Str. 26 ZASTRON
Tel/Faks: 051 673 1096

e-pos:scusens@xsinet.co.za

**Kotteljonsie**
051 673 1369

- Roosbome
- Struike
- Vars saad
- Baie nuwe geskenke

Baie Sterkte aan elke matriekleerling
Mag dit baie goed met die eksamen gaan

# Matlakeng Clinic brei alweer uit

'n Groot behoefte is onder hoërskoolkinders geïdentifiseer. Weens die uitkom tye van die skole, het leerders beperkte tyd om die kliniek dienste te gebruik. Gewoonlik is die kliniek reeds oorlopens toe vol wanneer hul drie uur die middag hier opdaag. Om die probleem te probeer oorkom is daar besluit om 'n mobiele kliniek na die skool te stuur wat die leerders ter hulp kan wees. Die diens gaan tans slegs een keer per week beskikbaar wees.

Sir. Coetzee sal vanaf 24 Augustus by 'n sekere skool beskikbaar wees. Die skole wat besoek gaan word is Lere La Thuto en Samuel Johnson. Beide skole gaan om die beurt besoek word, dus sal 'n spesifieke skool elke tweede week besoek word. Die besoektye sal op 'n Vrydag wees vanaf 13:00 – 15:30. Kontak die kliniek indien u meer inligting verlang.

# Spreekkamer geniet Loslitdag!!

Loslitdag by die Spreekkamer is 'n jaarlikse instelling. Hierdie jaar was geen uitsondering nie. Almal het soos Seerowers aangetrek. Alles vir 'n goeie doel….!!!



# Van Uile gepraat..

Die meeste uilkaste staan waarskynlik nog leeg, maar hier is die beloofde inligting oor van die broeigewoontes van die uile wat in ons omgewing voorkom.

Uile is monogaam, d.w.s. een mannetjie het net een wyfie n hul bly waarskynlik lewenslank bymekaar. Indien hulle nie gesteur word nie, sal hulle dieslfde nes jare lank gebruik. In een studie het Gevlekte ooruile 40 jaar nadat die nes die eerste keer opgelet is, nog daar gebroei. Hulle bou egter nie neste in die ware sin van die woord nie, maar gebruik 'n groot verskeidenheid lokaliteite. Behalwe vir die algemene prentjie van uile wat by 'n hol boomstam uitloer, broei hulle ook in geboue op enige platform, grotte, otslysies, in ander voëls se neste, holtes op die grond of in vaatjies, ander houers en kaste wat mense voorsien. Soos voorheen genoem word in die literatuur beweer dat Nonnetjie-uile hoofsaaklik broei na reën, Februarie tot Mei, maar kan enige tyd van die jaar broei, afhangend van die voedselbron. Ooruitle daarenteen broei hoofsaaklik in die winter, d.w.s. Mei tot Oktober, afhangend van die spesie.

Die hofmakery is eenvoudig en beperk, hoofsaaklik vokaal, maar die mannetjie voer wel die wyfie om haar reserwes op te bou vir die broei-tyd. Alle uil-eiers is wit en rond. Die Ooruile lê gemiddeld twee, soms net een, terwyl Nonnetjie-uile van drie tot twaalf kan lê met die gemiddeld van vyf of ses eiers. Die eiers word met intervalle gelê sodat kuikens van verskillende ouderdomme saam in die nes voorkom. Broeityd wissel van 28 tot 38 dae en kuikens bly 28 tot 35 dae in die nes. Die Kaapse ooruilkuikens kan tot 42 dae in die nes bly en vlieg na 70 dae. Kapenaars is bekend vir hul rustigheid! Nonnetjie-uilkuikens vlieg 50 tot 55 dae nadat hulle uitgebroei het.

Kuikens verlaat die nes dikwels voordat hulle kan vlieg en kruip dan op takke of op die grond rond. Moet dus nie sommer aanneem dat 'n kuiken buite die nes deur die ouers uigeskop is en dit "red" nie. Beskerm dit net teen troeteldiere soos katte en honde. Die kuiken behou vokale kontak met die ouers. Gebruik liewers 'n verkyker om hulle dop te hou en bly weg van die neste gedurende broeityd - uile sal nie skroom om aan te val nie.

Mag jul geveerde loseerders julle nog baie jare se plesier verskaf.

*Inligting uit: Peter Steyn (1996) Nesting Birds. Fernwood Press*



# Zastron kwilters besoek Huis Vergesig

Op 28 Augustus 2012 het die Zastron kwilters Huis Vergesig besoek en aan elke bejaarde wat nog handwerk doen 'n kwiltsak oorhandig. Die kwiltsakke word gemaak as deel van 'n fondsinsamelingsprojek ten bate van die Nasionale Kwiltfees wat in 2013 in Bloemfontein gehou word. Elke sak het 'n helderkleurige windpomp op en bolletjies wol is sommer by elke sakkie ingesluit.



# Zastron Forum & droomdorp nuus

***Ledegeld:***
Byna alle lede het hul ledegeld betaal. Baie dankie.

***Forum wense:***
Die Forum wil graag die volgende besighede voorspoed toewens:

- Petrus Monoana met die opening van Zastron bande.
- Kanaan met die opknapping van julle winkel en die omskepping in 'n deli.
- U Save met die opening van hul winkel.

***Forum bedankings:***
Die munisipale werkers het die watervore van Reichenbergstraat en Majozi straat skoongemaak. Die stadsaal is geverf en lyk pragtig.

***Droomdorp:***
Die hoek van hospitaalstraat en Reichenbergstraat is besig om uitgesorteer te word. Baie dankie aan Lientjie Greyvenstein wat met haar tuindiens gehelp het om die hoek te begin skoonmaak.

***Stortingsterrein:***
Die stortingsterrein is 'n prioriteit vir die forum en die munisipaliteit het onderneem om daadwerklik iets daaraan te doen.

***Vullisdrom kompetisie:***
Al drie hoërskole word deur die ATKV uitgedaag om elkeen ongeveer 20 dromme te verf. 'n Heerlike kontant prys word aan die wengroep gegee. Die munisipaliteit het toestemming gegee dat die dromme opgesit word en dat hulle dit sal leegmaak. Aandag alle boere: Enige planne oor hoe om die dromme vas te maak sal baie gaaf wees, asook enige pale of ou pype is welkom. Kontak asb. vir mnr. Hennie Naude of Tossie Smith.

***Voertuie:***
Dit is lekker om te rapporteer dat die munisipaliteit van die toerusting vir die herstel van slaggate reeds aagnekoop het en afgelewer is. Hou hierdie spasie dop.

***Rugbyspanne:***
Die rugbyspanne van Hoërskool Zastron het die gate gegrawe vir die bome wat in die park geplant gaan word. Baie dankie julle ouens.

***Tuin voor die stadsaal:***
Die Tuinbou klub het onderneem om te help met die roostuin en ander tuine van die munisipaliteit. Hulle help die werkers om die regte dinge op die regte tyd te doen.

# Die Wit Perd

"My wit perd het hulle kom haal". So sê 'n bejaarde toe die kinders beveel: "Ma mag nie meer bestuur nie."

Sy het so 'n oulike ou motortjie gehad; so 'n witte. Dit was nog een van daardie dinge waarmee sy haar onafhanklikheid en selfstandigheid kon uitleef. Jy weet mos, as 'n mens ouer word, raak jou wêreldjie al kleiner. Jy kan nie meer doen wat jy wil, koop wat jy wil of eet wat jy wil nie. In sulke omstandighede is jou motortjie 'n groot besitting en die laaste status om aan vas te klou.

Maar hoe kan die kinders jou "wit perd" van jou vervreem? Wie is hulle om vir jou te sê: Jy mag nie meer bestur nie? Dis dan jou laaste anker en hoop op 'n vrye en selfstandige lewe. Jy sien nog in die "wit perd" iets van jou droom oor die man op die wit perd wat jou lewe binne gery het. My motor is myne, en basta!

Vriende, niemand van ons hou van bevele oor ons nie. Salig is hy wat betyds die regte bevele in sy lewe hom laat welgeval. Dit kan nogal betyds 'n lelike ongeluk voorkom. Die persoon wat gesê het dat die kinders haar "wit perd" kan kom haal, het dit triomfantelik gesê. Sy het gesê, "ek het geweet my kinders is reg; ek kan nie meer so goed bestuur soos altyd nie; my voete het nie meer gevoel nie, en daarom is my pedaalbeheer nie meer so goed nie; alles vanweë diabetes". Nog so helder en wys ten spyte van die beperkings van die ouderdom. Wysheid en helderheid is seker iets waaraan jy betyds moet begin oefen, sodat jy ingeoefen moet wees vir wanneer jy dit moet toepas.

Kom ons bid vir wysheid en helderheid vir ons lewe soos hierdie bejaarde - oud en jonk. Wat is die wysheid? Dit is om op die regte tyd en op die regte manier na sake te kyk. Minder skeel en minder selfgerig en eie geregtig. Laat ons presies betyds leer waarop dit aankom. Hierdie is so 'n pragtige praktiese voorbeeld van wat wysheid beteken: Dit is om die OOMBLIK van waarheid te onderskei. Wysheid het niks te doen met kennis en weet nie, maar alles met WANNEER om jou kennis toe te pas. Hoe het iemand nou weer gesê: "Die slim man ken al die paaie, die wyse man die regte pad.

Ons kan dit wees, wys en ontspanne, want die Man op die wit perd kom ons haal.

# Jesus Ons Lewe 2012

Dit gaan die minder-en-meer fees wees. Die leër-en-voller naweek. Minder en minder van myself en meer en meer van God.

Leër en leër in myself om voller en voller te KAN word van die Heilige GEES. Dis nou die naweek van 2-4 November 2012. Die Jesus Jol bring vernuwing in jou verhouding met God tot op jou drumpel. Vat dit net. Nee, gryp die geleentheid met albei hande aan. Resultate gewaarborg!

Die tema is nie verniet G R O E I nie – dit gaan 'n wonderlike geleentheid tot geestelike groei wees. Om te kou en herkou aan God se woord en om dit behoorlik in te drink.

Soos alle dinge wat werklik SLEGS tot die verryking van God se heilige naam en koninkryk gedoen word, gaan hierdie fees werklik net van krag tot krag tot bo-natuurlike krag.

Soos verlede jaar EN die vorige jaar, beloop die toegang SLEGS R50-00 per persoon (alle gewigsklasse!) vir die HELE naweek. As jy in is, is jy in, geen verdere verskuilde uitgawes nie.

Dit dien ook as 'n versinnebeelding van hoe dit in die hemel werk – AL wat jy nodig het, is daardie een-malige toegangskaartjie van Jesus-bloed. Verder is als verniet uit die genadehand van die Groot Gewer – as jy in is, is jy in!
Vroegtydige verblyf besprekings is noodsaaklik! Daar is A-raam huisies beskikbaar met gemeenskaplike abblusie-geriewe .En dan is daar natuurlik die heerlikste kampgeriewe onder die bome waar jy eerstehands permanent deel van die salwing bly! Ook met gemeenskaplike ablusiegeriewe.

Die naweek skop reeds die Vrydagaand af met Luid-Kidz – hulle JOL en dans en juig nou behoorlik voor die troon.

Hulp, voorbidding en ALLE vorms van donasies sal BAIE handig wees en nuttig aangewend word. So, as jy kan muffins bak – asseblief en baie dankie. En as jy nie kan nie, sal 'n sakkie aartappels, appelkose of kersies uit jou tuin of 'n bottle olie ook welkom wees.

Ons wil graag die menigte voer en jou brode en vissies kan BAIE help.
Kontak asseblief vir Magda du Plessis by 082 321 32 36.

Offer wat God op jou hart lê – gehoorsaamheid en dít wat jy maai, word immers tien-en honderd-en duisend voudig aan jou teruggegee!

Kom vul jou leë kruik, verkwik jou moeë siel en herbevestig jou ewige erfporsie.

*~Retha Marais*

BKB

- Wol en bokhaar
- Lewende hawe
- Eiendomme
- Handel
- Finansieringsdienste

Handelstak: 051 673 1171 Frikkie Landman 082 458 6099
Skeerdiens: 051 673 1528 Johannes Pienaar 082 772 2598
Vesel (Wol): Louis de Jager 082 829 8510

Tuiste van Landbou

herdink.herwin

Email: www.bkb.co.za

DU PLESSIS
Vee & Vervoer
Koop en verkoop
asook vervoer
van lewende hawe.
DIENS IS ONS LEUSE!!
Kobus: 082 577 1936 | Oubaas: 082 562 7774
Abrie: 082 411 5088

**Happiness** is when what you think, what you say, and what you do are in harmony.

- Mahatma Gandhi

# *Het jy geweet?*
## Iets oor bye

Het jy geweet..

– Dat daar 'n "tweegesprek" ook tussen die werkerby en die omstanders plaasvind tydens die dans wat die werkerby uitvoer om die ander werkers van 'n voedselbron te "vertel"?

– Dat die koninginby ongeveer vier jaar oud word, terwyl 'n werkerby in die somer maar omtrent tot ses weke leef. Sy werk haar letterlik dood.

– Dat die sogenaamde Kransby wat kleiner as die heuningby is, net 'n gewone heuningby is wat uit 'n baie ou nes kom. Die werkerbye gebruik dieselfde koeke jaar na jaar om eiers in te lê en soos die bytjies uitbroei bly die velletjies in die sel agter. Mettertyd sal die sel kleiner word en sodoende ook die by wat daaruit broei.

– Dat die tonnemaat heuning wat kommersieël in 2008 in Suid Afrika geproduseer is ongeveer 3500 ton per jaar was.

– Dat baie boere en tuiniers uiters afhanklik is van hierdie harde werkerbythies.

– dat bye bedreig word deur die oormatige en onoordeelkundige gebruik van insekdoders.

So kan boeke vol interessanthede oor hierdie vriendjies geskryf word, maar wie et nog tyd of lus om boeke vol feite te lees? Dermot Cusens is besig met 'n opvoedingstaak om kinders meer oor heuningbye en die bewaring daarvan te leer, maar dit is baie meer interessant om die bye in aksie te sien. So kan mens die bye se werkery in 'n kas met glaspanele dophou, maar om die "loerders" te bekerm moet die kas in 'n afgeslote ruimte staan. As enigeiemand dus 'n "Wendy house" of iets soortgelyk kan afstaan, kontak asseblief vir Dermot by Zastron Drukkers. Ons kinders (en volwassenes) wat al meer van die natuur verwyder leef, kan net baat vind daarby om meer van die bye te leer. Dit is buitendien só ontspannend om iets of iemand anders wat hard werk dop te hou.



# Die son skyn tog

Voel jy so 'n bietjie vaal en flou?
Hierdie gedagtes sal jou beslis vertroos!

As... jy kos in die yskas, klere aan jou lyf, 'n dak oor jou kop en plek om te slaap het.. Is jy **ryker as 75%** van die wêreld.

As jy geld in die bank, in jou beursie, en ekstra kleingeld in 'n flessie iewers het... Is jy onder die **top 8%** van die wêreld se welgesteldes.

As.. jy vanoggend met meer gesondheid as siekte opgestaan het.. is jy **meer geseend as 'n miljoen** wat nie hierdie week gaan oorleef nie.

As.. jy nog die gevaar van gevegte, die eensaamheid van tronkstraf, die angs van marteling, of die knaende pyne van hongersnood beleef het nie.. Is jy **500 Miljoen mense in die wêreld vooruit.**

As.. jy jou kop omhoog hou met 'n glimlag op jou gesig en werklik dankbaar is.. Is jy **geseënd** want die Meerderheid kan, maar meeste doen dit nie.

As.. jy iemand se hand kan vashou, 'n drukkie kan gee of selfs net aan 'n skouer raak.. Is jy **geseënd** omdat jy 'n aanraking van genesing kan bied.

As jy hierdie kan lees.. is jy **meer geseënd as twee biljoen** in die wêreld wat glad nie kan lees nie.

**SQUARES**

FURNISHERS & GIFTS
38 REICHENBERG STREET, ZASTRON, 9950
PHONE: 051-6731281, FAX: 051-6731739

DEFY
TELEFUNKEN
SONY
LG
Sunbeam
SAMSUNG

CAPITEC Bank
MasterCard
VISA

CREDIT CARD FACILITIES NOW AVAILABLE

# Kort stories

**Oupa en Ouma se antwoordmasjien**

Goeie môre! Ons is tans nie tuis nie, maar laat asseblief 'n boodskap na die toon. As jy een van ons kinders is, druk die nommer kind wat jy is en druk dan een van die volgende 9 opsies, sodat ons by ons terugkoms kan weet wat om te doen:

1. As ons die kleinkinders moet kom oppas, druk 2
2. As jule ons kar wil leen, druk 3
3. As jul wil hê ons moet jul klere was en struk, druk 4
4. As jul wil hê dat die kleinkinders by ons moet kom slaap, druk 5
5. As jul wil hê dat ons die kinders by die skool moet gaan haal, druk 6
6. As jul wil hê dat ons vir jul 'n maaltd moet voorberei, of dit by julle huis aflewer, druk 7
7. As jy hier wil kom eet, druk 8
8. As jul geld nodig het, druk 9
9. As julle ons vir ete gaan nooi, of ons teater toe wil vat, begin praat, ons luister!

**Die Maer-Merrie**

Drie maande na Krismis kry ek steeds nie 'n gulp of knoop toe nie. uit radeloosheid wend ek my tot 'n bekende verslankings-organisasie, waar jy jou een keer per week laat weeg – ten aanskoue van mede-inwegers en die meeste baie maerder as jy.

Ek ry 150km na die naaste tak, steek my skaamte in my sak, en laat weeg my net in my beste broekie en bra. Hoe minder klere, hoe minder kilogramme. Vol moed, en 'n hele paar Rand armer, bestorm ek die naaste supermark met my dieët-handleiding en koop die maermaakkosse. Die volgende dag spring ek volstoom weg. Ek móét vasbyt, want oor 'n week is dit weegdag.

Weegdag kom; ek is angsbevange en bewend van die honger; het die vorige dag net haaskos en water gehad om seker te maak ek verloor darem iets voordat ek soos 'n os ter slagting na die skaal gelei word.

Ek staan vroeg op, sluip na die badkamer en klim op die skaal: Die resultaat lyk glad nie goed nie. Ek móét ligter, en gou ook. Iets moet af, of iets moet uit! Ek gryp na die Gliseriensetpille vir volwassenes. Na 'n gekners van tande is daar verligting, en ek klim weer op. Steeds te swaar. Ek haal my oorbelle, my ringe, my armband, oorle ouma se dik "necklace", my toonring, ja, selfs my naeltjiering af. ek weeg weer – lyk darem effe beter. Ek knip my knuif, skeer my beenhare, armhare, alle hare, en klim weer op. Geen verskil nie. ek trek die halfdroë roof op my maermerrie af, haal gister se dikgekoekte mascara uit my wimpers knip my vinger- en toonnaels tot in die lewe af, druk die puisie op my ken uit en klim wéér op. die skaal se naald wil-wil afwaarts bewe... maar niks...
Uitasem van die gesukkel en hongerte begin ek mos oor my ou afgeleefde skaal te twyfel. Ek sit 'n pak suiker van 2,5 kg daarop, en... dit weeg 4kg!!

*~ Ena Breytenbach*

**ZASTRON PRINTERS**
26 Majozi Street • Zastron
☎ 051 673 1096

- Copies
- Cycle Parts
- Photo Printing
- Laminating
- Stationery
- Binding
- Scrap Booking Albums & Supplies



**NAUDE EN RADEMEYER BK h/a**

**ZASTRON APTEEK/PHARMACY**
**Reg nr: 2004/014393/23**

Posbus 400
Zastron
9950
Tel/Faks: 051-6731355

Reichenberg str 41 A
Zastron
BTW nr.: 4240203770
E-pos: pc.naude@mweb.co.za

U WELSTAND IS ONS VERANTWOORDELIKHEID !

YOUR WELLBEING IS OUR RESPONSIBILITY !

PC Naude
Lede: PC Naudé B Pharm (Potch)

# "Among my Souvenirs" (2)

Ek beweeg verder tussen my soeweniers - op 'n rakkie 2 tennisballe en 'n asbakkie.Hierdie isegter nie gewone tennisballe, maar wel baie spesiaal.Op die eerste staan die naam "Roland Garros". Dit is natuurlik die beroemde Tennis stadion in Parys, Frankryk, waar die Franse Ope, een van die 4 "Grand Slam" toernooie gespeel word.Wat egter belangrik is, is dat dit 'n bal is waarmee Bjorn Borg opgewarm het toe hy in sy vyfde eindrondte gespeel het.

Ek staan voor die beroemde Arthur Ashe Stadion, Flushing Meadow, in die Verenigde State van Amerika – die plek waar nog een van die 4 "Grand Slams" gespeel word. Op een van die sybane is Martina Hingis van Switserland en Anna Karnokouva van Ruslan met 'n dubbelspel wedstryd besig.'n Bal word uitgeslaan. Ek tel dit op en vra aan Hingis of ek dit as 'n soewenier mag hou. Sy antwoord met 'n mooi glimlag "Weeth Pleasure".

Die asbakkie, met die wapen "The Championships Wimbledon" daarop het ek by die sportwinkel op Wimbledon, seker die beroemdste Mekka van alle tennisspelers, gekoop.

In die museum word films van al die beroemdes, Suzanne Lenglen, Cochet, Borotra, La Coste, Tilden, Sampras, te veel om op te noem, vertoon. Selfs die ou raket van Spencer Gore, eerste wenner van die mans enkels in 1877 kan gesien word. Ou tennis skoene, kledingstukke, rakette en handtekeninge van beroemde spelers, is volop.

Die film van die beroemde Franse speler, Suzanne Lenglen, kan net as oorstelpend beskryf word. In 'n lanmourok wat tot op haar enkels reik, serp om die nek en doek om die kop was haar bewegings op die baan fenominaal. Sy het die net herhaaldelik gestorm, onmoontlike balle terug gekry en reuse afslane afgestuur.

Van hierdie outydse figure na die film van "Gorgeous" Gussie Moran, die eerste vrou wat dit gewaag het om op Wilbledon met 'n kort broek te speel!
Met die trappe klim ek in die torinkie op en kyk deur 'n groot glasvenster op die beroemde middel baan af.Hierdie baan word elke jaar net vir die twee weke van die kampioenskappe gebruik. Dan word dit omgeploeg, weer met gras beplant en verder gedokter totdat dit weer reg is vir die volgende jaar se toernooi.
Besoekers is welkom om hierdie Balle, asbakkie en fotos in my Taverna Venezia te kom besigtig.



*Die Twee Tennisballe; links, die Franse en regs die Amerikaanse.* *Foto: A.v.R*



*Die Asbakkie met wapen.* *Foto: A.v.R*



*Martina Hingis en Anna Kournokova* *Foto: A.v.R*


*03) Voor die Arthur Ash Stadion ,Flushing Meadow, VSA*
*Foto: A.v.R*

# Die Klooster van Monte Cassino

Sowat sewentig kilometer noordwes vanaf Napels, in Italie, vind jy die dorp Cassino. Gelee aan die voet van die vyftien honderd voet hoe berg, Monte Cassino was hierdie dorp die toneel van seker die bloedigste geveg van die tweede Wereld Oorlog. Bo-op Monte Cassino, grasieus in al sy glorie, die beroemde ou Klooster, wat vir die vierde keer in sy geskiedenis, in 1944, totaal verwoes is.

Byna veertien eeue gelede het die Heilige Benediktus van Nursia besluit om op die terrein twee klein Kerke te bou – een ter nagedagtenis van Johannes die Doper – die ander vir die Heilige Marthinus. Dit was in die jaar 529 dat Benedictus die eenvoudige bestaan van 'n beroemde Klooster ontketen het. Geskrifte, Heilige kunswerke, literere klassieke uit die antieke wereld is hier bewaar. Die Klooster met al hierdie skatte het 'n voorwerp van pelgrimstogte geword. Duisende Pelgrims van oor die hele wereld het die kunswerke kom besigtig.

In 529 begin die Heilige Benediktus die orde van die Benediktyne. Veertien jaar nadat hy sy Klooster gestig het is hy oorlede. Sy grafkelder is in die suidelike deel van die gebou en kyk uit oor die vrugbare Rapido vallei.

In die jare daarna is Klassieke Geskrifte asook werke van vroeere kerkvaders oorgeskryf en bewaar. Pragtig versierde Bybels is met nougesette sorgsaamheid deur die Monnike vervaardig. Duisende Boeke, manuskripte, rekords van die Heiliges en hulle geskrifte asook 'n ou geheimsinnige toneelstuk uit die elfde eeu het meegebring dat die biblioteek deur studente uiters gesog geword het.

In 1239 is die monnike uit hulle Heiligdom deur Frederik II verdryf. Hulle het egter gou weer terugekeer om hulle werk voort te sit.In 1799 is die Klooster deur Franse troepe geplunder. Weer het hulle die plek herstel daar hulle nie die graf van hulle stigter onbewaak wou laat nie.

Tydens die tweede Wereld Oorlog was die dorp Cassino 'n sleutelpunt op die hoofpad na Rome – dit was die enigste deurgang tussen hoe bergreekse – die Duitsers moes ten alle koste die opmars van die geallieerdes hier stuit. Intussen het Kolonel Julius Schlegel, 'n duitse offisier uit Wene, al hoe meer bekommerd begin raak oor die skatte in die Klooster namate die vyandige magte nader gekom het. Hy slaag eindelik daarin om die Kloostervoog, Dom Grigorio Diamare van die gevaar te oortuig. Die Duitse troepe word toegelaat om die kosbare skatte na die Vatikaan te vervoer en daar veilig te bewaar.Uit dankbaarheid het die Benediktynse Monnike 'n spesiale Mis vir Schlegel gehou. Die valse geloof dat die kolonel die skatte gesteel het is na die oorlog voortgesit. Eisenhower moes self ingryp om die waarheid te herstel en Schlegel uit die tronk vry te laat.

Kwaai aanvalle is teen die Duitsers geloods waar hulle in Cassino geskuil het. Hulle het egter nie in die Klooster stelling ingeneem nie, aangesien hulle leier Generaal Richard Heidrich (die held van Cassino), ten alle koste wou verhoed dat die historiese ou gebou onder die bomme moes deurloop. Die Amerikaners het egter opdrag gegee dat dit gebombardeer moet word. Die ruines wat oorgebly het tesame met die kelders onder die geboue het egter 'n baie beter vesting aan die Duitse soldate besorg. Hier het 'n paar honderd Duitse soldate die totale geallieerde magte vir maande getrotseer.

Om 8vm. 15 Maart 1944 het die hel oor Cassino losgebars. Vlaag na vlaag Amerikaanse bomwerpers het amper twee duisend ton bomme op Monte Cassino asook die stad laat neerreen. Die 20 jarige skutter Douglas Lyne, waarnemings assistant van die Engelse Koninklike Artillerie wat vanaf 'n aangrensende Kop die vernietiging van die Klooster aanskou het, se kommentaar was; "What the hell are we doing up on this bloody hill surrounded by destruction and mayhem? What are we fighting for, or against? Here we are cheering the destruction of one of the greatest monuments of Christendom" (sy eie woorde).Hierna het divisies van Indiese en Nu Seelandse troepe probeer om die Klooster in te neem, maar is teruggedryf. Weer is alles in die stryd gewerp, - die Duitsers het onverskrokke aan hulle posisies bly kleef.

Om 10:30 op 15 Mei was die Poolse divisie die eerste om hulle vlag bo die stowwerige bouval van Monte Cassino te hys. Na meer as vyf en sestig duisend ongevalle is Cassino en sy Klooster deur geallieerde magte ingeneem – die Duitsers moes terugval – eindelik was die pad na Rome oop.

Dit is weer 15 Mei – vyftig jaar later.Ek het die oggend in Cassino aangekom . 'n pragtige besige dorp, wemel van lewe. Op die berg Monte Cassino, rustig, die ou Klooster van die Heilige Benediktus. Alles is ten volle gerestoureer – daar is geen tekens van die verwoesting van vyftig jaar gelede nie.

Met 'n pragtige bergpad ry ons tot bo-op Monte Cassino. By die groot voorhek van die Klooster vertoef ek 'n paar oomblikke – bokant die hek, net die enkele woord "Pax" (Vrede). Sal hierdie pragtige ou gebou weer vernietig word? Marmer pilare versier die binneplein – die put waaruit die inwoners hulle water getrek het is met die fynste marmer uitgele, alles so skoon en netjies. In die groot Katedraal is die Koorstalletjies deur 'n neapolitaanse kunstenaar uit harde eikehout gekerf. Hier is ook kunskatte van onskatbare waarde te sien. Ek stap deur die suidelike deel –vind sy grafkelder.Die Heilige Benediktus - eenvoudig – soos hy geleef het so het hy gesterf. By die venster kyk ek uit oor die vrugbare Rapido vallei – wingerde, vrugtebome in oorvloed. Rustig vloei die Rapido rivier voort…

Soos insetsels in hierdie pragtige toneel lê die begraafplase. Die grootste, die Poolse - sy reuse monument,

FINBOND
MICRO FINANCE




WHATEVER YOU NEED!

Personal Loans & More!

☎ 051 673 1923

Bring your:
ID Book, 3 mnth Bank statement, Proof of Salary & Address

We are a registered Credit & Service Provider - NCR No: NCRCP3746

met die indrukwekkende woorde;

"

Vir ons vryheid en julle s'n,
Het ons Poolse soldate,
Ons siele aan God gegee,
Ons liggame aan die grond van Italië En ons harte aan Pole......"
(Vrylik vertaal)

Kleiner, maar nietemin net so indrukwekkend, is die Duitse begraafplaas en al die ander.Stomme getuienis van die duisende jong lewens wat hier kortgeknip is.

Nadat ek in die Kapel 'n Mis bygewoon het, het ek rede tot bepeinsing .Hier kan jy Sy teenwoordigheid aanvoel - die mens het vernietig, maar Hy het herstel . Hy het Benediktus nie verlaat nie .Sy Klooster, nalatenskap aan die mensdom, het Hy bewaar .So sal Hy ons ook nie verlaat nie.

